

11 Januarie

**Skrifgedeelte: Levitikus 16 (OAV)
Fokusgedeelte: Levitikus 16:5-17**

Versoening deur voldoening

In hoofstuk 16 kom ons by die kern van die evangelie volgens Levitikus: die oomblik van waarheid breek aan! Die waarheid van ons groot val en sonde, maar ook die heerlike waarheid dat God die sonde wil versoen. Hierdie dag is “Jom Kippoer”, die groot Versoendag. Een maal per jaar word Israel geroep om te vas en te rou oor hulle sondes en ongeregthede teenoor die Here en hulle naaste.

Die moontlikheid van versoening bestaan! Nou weet ons dat die versoening met die bloed van bokke en beeste slegs ‘n skadu was van die volkome offer van Christus. Die hoëpriester en sy gesin was ook sondige mense, daarom moes daar eers vir hulle geoffer word. En in die hele priesterdom was daar niemand só sondeloos dat hy vir homself – laat staan nog vir iemand anders – versoening teweeg kon bring nie! Maar ons Here Jesus Christus het die enigste werklike groot Versoendag volbring op Golgota. Hy was en is alles; lees maar in die Hebreërbrief daardie wonderlike verklaring van soveel skaduagtige sake in die Ou Testament. Daardie brief sê drie dinge van Christus se versoening. Ten eerste is Hy die offer (Hebr 10:10).

Ten tweede is Hy die Priester (Hebr 6:19,20). Ten derde is Hy die Versoener (Hebr 10:14). Ons Versoendag, ons “Jom Kippoer” duur tot in ewigheid!

Sing: Psalm 107:1,10

Ds LH Stavast (Emeritus)